Utrecht University Library
Partner in Science
Universiteit Utrecht

De invloed van het Christendom op de Romeinsche wetgeving ten opzichte van de zorg voor het kind

https://hdl.handle.net/1874/281681

L. gen. 192, 1924

DE INVLOED VAN HET CHRISTENDOM OP DE ROMEINSCHE WETGEVING TEN OPZICHTE VAN DE ZORG VOOR HET KIND



G. T. T. KIKILLUS

DE INVLOED VAN HET CHRISTENDOM OP DE ROMEINSCHE WETGEVING TEN OPZICHTE VAN DE ZORG VOOR HET KIND

Diss Utrecht 1924

DE INVLOED VAN HET CHRISTENDOM OP DE ROMEINSCHE WETGEVING TEN OPZICHTE VAN DE ZORG VOOR HET KIND

PROEFSCHRIFT TER VERKRIJGING VAN DEN GRAAD VAN DOCTOR IN DE GODGELEERDHEID AAN DE RIJKS-UNIVERSITEIT TE UTRECHT, OP GEZAG VAN DEN RECTOR-MAGNIFICUS DR H. F. NIERSTRASZ, HOOGLEERAAR IN DE FACULTEIT DER WIS- EN NATUURKUNDE, VOLGENS BESLUIT VAN DEN SENAAT DER UNIVERSITEIT, TEGEN DE BEDENKINGEN VAN DE FACULTEIT DER GODGELEERDHEID TE VERDEDIGEN OP VRIJDAG 12 DECEMBER 1924 DES NAMIDDAGS 4 UUR, DOOR **GUSTAV THEODORE TOBIAS KIKILLUS**, GEBOREN TE MOSSELBAAI (ZUID-AFRIKA)



P. DEN BOER
SENATUS VETERANORUM TYPOGRAPHUS ET LIBRORUM EDITOR
UTRECHT MCMXXIV

Dat dit my gegee is om my studies tot hiertoe te kon voortset, het ek in die eerste plaas te dank aan die liefde en trou van God onse Vader in Jesus Kristus, onse Heer, in Wie S'n diens ek hoop te bestee die meerdere kennis en ondervinding wat dit my voorreg was hier op te doen.

Myn hartelikste dank vir die aangename en leersame kolleges van u hooggeleerde en hooggeagte professore, dr. Obbink, dr. H. Visscher, dr. Slotemaker de Bruine, en dr. Ovink.

Veral moet ek u, hooggeleerde en seergeagte promotor, prof. dr. J. A. Cramer, my dank betuig vir die wetenskappelike en tog simpatieke en vriendelike wys, waarop u my ingelei het en voortgehelp het in my teologiese studies, my leiding gegee het by die samestelling van my proefskrif en my hierin veral laat sien het die noodsaaklikheid van tot die bronne te gaan, en my gebring het tot die punt waar ek vandag staan. Met vrymoedigheid kon ek steeds my teologiese en geestelike moeilikhede met u bespreek, wetende dat u nie alleen professor maar ook vriend is vir u studente.

Die beamptes aan die uniwersiteits-biblioteek is ek verskuldig vir hulle vriendelikheid en bereidwiligheid, en ek wil hier graag die name noem van die heer Bongertman en die heer van Bockel.

Vir raad en belangstelling is ek u, geagte prof. Pont, baie dankbaar, en deur middel van u as voorsitter wil ek my hartelikste dank betuig aan die lede van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging aan wie ek en so baie afrikaners soveel te danke het b.n. in sake geldelike ondersteuning en aanraking met die grote en edele wat Nederland gepresteer het op so velerlei gebied.

Die Nederlandse Regering is ek veel verskuldig en bly ek dankbaar vir hulp op velerlei gebied en by name vir geldelike ondersteuning in die vorm van beurse.

Aan u, geagte prof. N a b e r, is ek dankbaar vir baie nuttige wenke.

Daar is dierbare gesinne by wie ons altyd welkom is en wie vir ons 'n ware toevlugsoord in die vreemde is. In enkele woorde kan ons nie weergee wat hulle vir ons beteken het en nog beteken; en daarom in kort bedank ons by name veral u, geagte Heer en Mevr. V e r m o o t e n en u, geagte Jhr. en Mevr. B e e l a e r t s v a n B l o k l a n d, u, Mnr. en Mevr. v a n K u i p e r s, en die baie ander egte en hegte nederlandse vriende.

My verblyf in Nederland en aan die uniwersiteit in Utrecht het my in sekere opsigte 'n nuwe mens gemaak met 'n nuwe uitkyk op die lewe, en hiervoor is ek nie ondankbaar. Klein maar dapper en degelik het ek Nederland gevind; my strewe is hierdie ideaal ook tot die myne te maak.

Eindelik die afrikaanse broers en susters alhier is my werkelik broers en susters gewees, en terwyl ek u my hartelikste dank toeken vir al u liefde en hulp, wens ek u 'n voorspoedige loopbaan hier, en 'n spoedige terugkeer naar ons eie liewe vaderland.

AAN
DIE GEËERDE NAGEDAGTENIS
VAN MIJ GELIEFDE VADER EN
MOEDER

INHOUD.

INLEIDING 1

HOOFDSTUK I. Die invloed van die kristendom op die romeinse wetgewing ten opsigte van die waarde van die ongebore vrug 12

HOOFDSTUK II. Die beskerming van die kind teen kindermoord 34

HOOFDSTUK III. Die beskerming van die kind teen weggooi . . 52

HOOFDSTUK IV. Die beskerming van die kind teen verkoop . . 73

HOOFDSTUK V. Die liggaamlike versorging van die kind . . . 84

HOOFDSTUK VI. Die sedelike en geestelike bewaring van die kind 108

BIBLIOGRAFIE 116

STELLINGEN 121

INLEIDING.

Die kind is vandaag orals op die voorgrond en word van alle kante bestudeer en gewaardeer soos nooit tevore; die grote onverskilligheid omtrent sy belange in vroeëre tye soek hulle tans te vergoed deur 'n intensiewere studie van hom en van sy geestelike en liggamelike ontwikkeling; hulle wil die kind tot sy reg laat kom, so moontlik hom 'n billike kans gee in die lewensstryd; die plaas wat hy in die maatskappy beklee of moet beklee wil hulle beter peil, en deur die studie van hom wil hulle die volwassene soveel beter verstaan en help. Onse tyd is soseer betrokke in die belange van die kind dat hulle dit self genoem het: die eeu van die kind.

Hierdie belangstelling in die kind was in die grieks-romeinse heidense wereld niet te vind nie. Wel kry ons in die gedigte van Homerus skone beskrywinge van ouertrots en kinderlewe; maar naar mate die ou grieke almeer hulle primitiewe beskawing verruil het vir die meer ingewikkelde beskawing van 'n drukke stadslewe, vind ons ook minder hoë waardering van die kind.

Vir vele was hy enkel 'n middel tot vermaak en tydverdryf, selfs van spot, by wie geen wysheidslesse te leer is; hy behoor ook liefs by die vroue, en nie by die manne nie, dan eers nadat hy manne jare bereik het.

Plutarch, Lycurg, tom. 1—15, 11, p. 58, Aristot. de Republ. tom, 3, 7, 16, p. 1333.

Andere het hom weer beskou as van waarde alleen omdat hy 'n toekomstige burger vir die staat is, op die oomblik wel van geen nut, maar in elk geval miskien later; dan kon hy met meer of minder goed gevolg sy plaas as 'n enkele steen inneem in die grote staatsgebou, en also regverdiging gee vir sy bestaan.

Vir ander weer had die kind waarde alleen as middel tot voortplanting van sy geslag en tot waarneming van sekere

godsdienstige pligte; die vader wou graag kinders besit op-dat na sy dood sy naam nie sou uitsterf nie, en sy vermoë aan hulle sou oorgaan en nie in die hande raak van vreemdelinge nie. Dan was daar ook die geloof dat na 'n persoon se dood sekere soenoffers en andere godsdienstige rietes nodig was om die gees van die gestorwene tot rus te bring, anders moes hierdie gees in ellende en miskien vir 'n lange tyd rondswerf op die plaas waar die dode begrawe was. Omdat hulle hulle wou verseker van hierdie rus na die dood deur middel van genoemde rietes, was dit die algemeen verlange om eie kinders te hê; laasgenoemde sou in alle piëteit en getrouheid die laaste vrome pligte vir hulle ontslape ouers verrig. En waar daar geen kinders was in 'n gesin, daar het die ouers voorsiening gemaak deur kinders aan te neem.

Stobaeus, Florileg. tom. 4, tit. 77, p. 178.

Zumpt: Ueber den Stand, u.s.w. S. 13.

Isaeus, oratie 2, 10, p. 17, en oratio 7, 30, p. 89.

Vir vele was die kind niks anders as 'n vloek, 'n onnodige belemmering op die vryheid van die ouers; as daar iets ellendigers te denk is as 'n vader van kinders, sê 'n griekse skrywer, dan is dit 'n ander vader met meer kinders. Kinders as hulle lewe, is hulle 'n grote sorg; sterf hulle, dan veroorsaak hulle hierdeur smart; daarom het veel van hulle dit dwaas gevind, waar iemand gelukkig kinderloos is, om sy geluk te vernietig deur vreemde kinders aan te neem.

Stobaeus, Florileg. tom. 4. tit. 76, p. 176,

Was dit by vele die beskouing oor die waarde van kinders oor die algemeen, nog ongunstiger het hulle gedink oor meisiekinders in die biesonder. 'n Seun kon nog altoos sy vader se naam en geslag voortplant, en dit kon 'n dogter nie. Vandaar dan ook dat mens uitinge vind as: 'n wyse seun verskaf tog nog 'n beetje geluk vir sy ouers, maar 'n dogter is 'n vervelig besit. Daarom word ons verseker dat ouers al is hulle ook nogal so arm, darem tog hulle seuns behou en opvoed, maar dat selfs ryke lui daar nie teen opsien om hulle dogters weg te gooi of te vermoor nie.

Stobaeus, Fforileg. tom. 4, tit. 77, p. 178.

As die publieke opienie van hierdie aard was, dan kan ons begryp dat die wetgewing, wat maar altoos 'n weerkaatsing is van die publieke opienie, nie juis hoër gestaan het nie. Daar het wel nie veel van die griekse wetgewing vir ons oorgebly

nie, tog kry ons enkele klare gevalle by historiesie, as ook sekere aanduidinge by die wysgere. Wat die eigenlike wetgewers betref, wil ons die sekerste van hulle opnoem.

Plutarch: Lycurg. tom. 1, 15, 11, p. 58.

Volgens Plutarchus, sou Lykurchus in Sparta omtrent die jaar 800 voor Kristus die vader alle mag oor sy kind ontsê het, die staat alleen had mag oor hom; die staat wou alleen van die beste, kragtigste manne gedien wees. Daarom werd so 'n kindjie kort na sy geboorte voor 'n raad van oue manne gebring om deur hulle ondersog te word; was hy gesond en sterk van liggaam dan werd hy goedgekeur; was hy swak of vermink, dan werd hy geneem naar 'n steile berg Apothetae 'n deel van die Taygetus, en daar gelaat om van honger of deur verskeurende diere te sterf.

Aristoteles: de Republ. 7, 16, tom. 2, p. 1335.

Hierdie handelwyse word deur Aristoteles goedgekeur, en hy wil dat dit in sy ideale staat sal bestaan, opdat geen verminkte of swakke daarin sal opgroei nie.

Plato: de Republ. 5, 8. tom. 1, p. 334.

Eweëens leer Plato. In die geval van honde, perde en dergelike, sê hy, teel mens alleen van die beste om so die beste ras te kry; die sleggeteelde word weggedaan, uitgeroei; en net so moet dit ook in die geval van kinders wees. Dog naar sy gevoelens word hierdie reël versuim, en hy meen dat dit jammer is, want hierdeur word ook swakke en siekelike kinders grootgebring, en dit verhinder die menseras om tot volmaking te kom. Daarom raai hy aan dat die staat die kinders van sterke, gesonde ouers moet neem en in 'n opvoedingsgestig moet plaas om daar deur verpleegsters opgevoed te word, in een of ander afgesonderde deel van die stad, sodat die ouers, en veral die moeders nie hulle kan sien of besoek nie. Die kroos van ondeugdelike, siekelike mense, of kinders wat gebrekkig gebore is, moet hulle op 'n geheime en afgesonderde plek verberg om daar te sterf. En dit skyn, volgens Plato se eie verklaring, dat hierdie gewoonte algemeen was; en dit nie alleen in Athene en in die omgewing nie, maar in die ganse Griekeland. Ook latere skrywers as Posidippus meld hiervan. Thebe alleen maak 'n prysenswaardige uitsondering op hierdie reël.

Ibid. 5. 9, tom. 1, p. 334.

Plato: Theatetos, 151, c. p. 74, A.

Apuleius: Metamorph. lib. 10 23, p. 196.

Aelianus: Var.Hist. lib. 2, 7, tom. 1, p. 64.

Deur 'n regverdige en mensliewende wet straf sy die weggooi van 'n kindjie met die dood. Waar die ouers baie arm is, en so 'n kindjie nie kan opvoed nie, daar veroorloof sy die ouers om hulle kindjie naar die magistraat te neem; hy moet die kleintjie dan teen 'n nominale prys verkoop, waardeur die kind dan die eiendom word van die koper, maar onder verstandhouding dat dit nie beskou word as 'n slaaf nie, maar as 'n kind, en dat dit dan ook as 'n eie kind grootgebring word; die nominale prys sou dan maar eigenlik alleen daartoe dien om die nuwe vader van sy reg op sy nuwe kind te verseker. Intussen sy gesê, dat die betroubaarheid van hierdie mededeling in twyfel getrek word deur skrywers van naam, as in stryd met die toenmalige griekse gees.

Zumpt: Ueber den Stand. S. 13-14.

Ook teen die vernietiging van die ongebore vrug het sover ons weet geen wet by die grieke bestaan nie. Tot die pleë van hierdie misdaad het heelwat oorsake bygedra. Die land was arm en kon nie veel mense dra nie; daarom ook was dit die strewe om die stadsbevolking te bepaal by 'n seker getal en dit nie daarbo te laat gaan nie, soos b.v. in die geval van Massalië en Istrië en Heraklea.

Aristoteles: de Republ. lib. 5, 6, tom. 2, p. 1305. lib. 7, 16, tom. 2. p. 1355.

Daarby kom nog die valse hoogmoed, wat ouerpligte vrees, en die traagheid wat dit versuim, albei die gevolg van 'n gemaksugtige lewe; 'n sisteem van tweekindergesinne word weldra die reël, of liewer nog van éénkindgesinne, en dit slegs opdat daar tenminste 'n erfgenaam is. Veel mense wat wel getrou het, het gesorg om helemaal geen kinders te kry nie, en was daarby nog te lui om kinders van andere aante neem en die te versorg. Baie andere weer wou helemaal nie trou nie, maar wou tog die genot van die huwelikslewe smaak. Teen hierdie misdrywe was daar geen wetgewing nie, en Griekeland moes vir haar lawwe gemaksug swaar boet; want ten gevolge hiervan het haar bevolking skrikwekkend afgeneem en het sy 'n prooi geword van armoede aan mense en van elke invallende krygsmag.

Polybius: Reliquiae lib. 37, 4, 4, tom. 2, p. 133. Hesiod: Opera et Dies, reg. 454, p. 169. Euripides: Ion, reg. 349, 897, 1498, 1546. Polybius, Reliquiae, 4, 6 p. 134.

Dat hulle so ongeërg die ongebore vrug vernietig het, was deels ook te wyt aan toenmalige spekulasies omtrent die

Plutarch: de Placit. Philosoph: Script. moral. tom. 2, p. 1108.

Sie ook: Aristotel: de Republ. 7,15.

fisiologiese waarde van die fetus. Was dit 'n lewende wese of nie? An fetus in utero sit animal? Plato meen van ja, omdat dit beweeg en homself voed. Die Stoa ontken dit en sê dat dit 'n deel van die moederlyf is net soos vrugte deel is van die tak; maar as die vrugte ryp is dan val dit af. Ook Empedokles ontken dat die fetus 'n lewende wese is; dit is wel begiftig met 'n siel, spiritum praeditum, ἐμπνουν, maar dit begin eers asem haal na die geboorte. Diogenes het weer geleer dat diere en ook mense gebore word sonder siel, inanimata, ἀφυχα, maar dan in warmte; onmiddellik na die geboorte van die dier of mens trek die warmte die lug van buite in die longe; hierdie lug noem hy anima. Ook Hierophilus meen dat eers na die geboorte en nadat die vrug lug ingeasem het, dit 'n animal is. Hieruit blyk dat die meerderheid van opienie oorhel naar die beskouing dat die ongebore vrug geen aanspraak kan maak op die eer van 'n menselike wese te wees nie.

Plutarch: De Amore ProelisScript, Moral. 1, p. 602.

Ons het al te vore gewys dat die verkoop van kinders in biesondere gevalle veroorloof was in Thebe, maar dit het ook in andere griekse stede plaas gevind. Plutarchus sê dat die arme in Athene hulle kinders liefs nie wou groot bring nie, om op die wyse te voorkom dat hulle dan as hulle groot is gebrek sou ly, hulle het hulle of weggegooi of hulle verkoop; hierdie laaste het veral plaasgevind waar die skuldeisers teen alle menslike gevoel in, en vergetende die benarde tydsomstandighede, met alle geweld hulle wins soek in te kry; en daar was geen wet om hierdie verkoop van kinders teen te gaan nie. Solon het egter enige maatreëls geneem teen die verkoop van meisies, maar het die van ander weer toegelaat.

Plutarch: Vita Solonis 8, tom. 1, p. 101.

Ibid. 23, tom.1, p.108.

Dat hierdie minagting van die kind kon bestaan en voortduur is onder andere ook toe te skryf aan die laë beskouing van die huwelik wat by vele filosofe en wetgevers gangbaar was.

Plutarch: Vita Lycurg 15, 9; p. 58.

Lycurgus het toegelaat dat jonge sterke manne by jonge vroue van oue manne kom om so 'n kragtige kroos te ver-

Plato: Republ. 5, 9, p. 334.

wek. Hierdie selfde raai Plato aan in sy ideale staat, en dit as beloning vir goeie dienste deur die jonge manne aan die staat gedaan. En eweeens leer Aristoteles. Die hoë beskouing van die huwelik, dat dit bestaan uit weersydse liefde en waardering, was so te sê onbekend, en indien dit voorgekom het was dit maar selde; die reël was dit stellig nie, anders sou Demosthenes nie kon sê het: vroue het ons om vir ons in die huis te sorg, maar minnaresse hou ons aan vir ons vermaak.

Nog 'n rede of twee moet genoem word waarom die kind so min by die grieke getel het. Die eerste meen ons is dat hulle maar eenvoudig hierin die voorbeeld van hulle gode en godinne gevolg het. By hierdie denkbeeldige wesens het mens tevergeefs gesoek naar huiselike lewe, kuisheid, gehoorsaamheid aan ouers, of liefde jeens kinders. Voorbeelde lê voor die hand in oorvloed.

'n Andere rede moet ons soek in die vreemde misdryf, waaraan die grieke veral skuldig was en wat deur grieke en romeine albei genoem werd: griekse liefde; ek bedoel die paederastie, of die sedelike misbruik van jongens deur ouere manne. Hierdie misdryf het ontstaan in Kreta, was daar deur die wet erken, maar het die ontvolking van daardie vroeër so digbevolkte eiland veroorsaak. Dit het toen Sparta binnegedring, het daar die mode geword, sodat dit selfs 'n skande geag werd vir 'n jonge man om hom nie hieraan toe te gee nie; Sparta het ook die bittere vrug hiervan gepluk, want dit het veel bygedra tot haar verswakking en val. Ewe verderfelik het hierdie ondeug gewerk op die sede van Athene: afkeur van die huwelik, minagting vir vrou en kind, sedelike onverskilligheid en ennui.

Zumpt: Ueber den Stand S. 14-15.

By die romeine het die vrou en dus ook die kind 'n hoëre posiesie beklee, maar hier had die vader 'n onbeperkte mag, 'n mag van dood en lewe: potestas vitae necisque, waarvan later meer volledig sal word behandel.

Na die verowering van Griekeland en die Ooste het daar ontstaan naar Rome 'n geweldige toestroming van oosterse weelde en van oosterse en griekse ondeugde; dit het daartoe

gelei dat dieselfde sedelike misbruike wat in Griekeland geheers het, en hierdie land tot 'n val gebring het, ook te Rome pos begin vat en weldra net so welig, dog op uitgestrekter skaal, gewroetel het in die wereldstad.

Keisers as Augustus en ander het dapper daarteen tekeer gegaan deur middel van die wetgewing, maar nie deur hulle eie voorbeeld nie; en dus werd daar ook nie veel sukses geoes nie. Die heidense godsdienste was ten enemaal onmagtig, het miskien eerder tot verergering van die toestand bygedra.

Die griekse filosofie was oorgebring naar Rome en het daar vaste voet gekry. Veral die stoïsynse leer het veel gedaan om die geletterde deel van die volk die goeie en edele voor te hou in 'n tyd van algemene selfsug. Seneka, één van die beroemdste vertegenwoordigers van hierdie skool, het veral nadruk gelê op medelye, wereldburgerskap, menseliefde; ook die slawe is onse broere, want in hulle gees is hulle nie slaaf maar vry soos ons. Epiktetus het geleer dat ons almal kinders van God is, en daarom moet ons met geduld die beproewinge Gods dra; hy vorder menseliefde en broederliefde, barmhartigheid en geduld, en hy ywer teen egbreuk. Maar by dit alles het die kind nog nie tot sy reg gekom nie, want steeds nog werd hy beskou enkel as deel van die staat, en dus gehelp en beskerm alleen maar in sover as hy tot nut sou wees vir die staat. Selfs werd die griekse beskouinge oor die ongebore vrug, as deel van die moeder en nie as afsonderlik wese in homself, deur die romeine goedgekeur en in die wette opgeneem, soos Ulpianus getuig in nota 13 en 14 agter.

Vorländer: Geschichte der Philosoph. Tom 1. S. 180. Ibid. S. 181—182.

Die kristelike leer kom toe in en het 'n gehele omwenteling veroorsaak in die beskouing oor die kind. Die Heer Kristus is self as 'n kindeke gebore geword en het also die staat van kind geheilig, soos Hy ook die van jongeling en van man gedaan het. Hy het die kinders tot Hom genooi, hulle aangeneem en geseën; hulle gesindheid aanbeveel vir Sy disiepele; die hoë waarde wat hulle voor God Almagtig besit, het Hy op onbetwistbare wyse verkondig, en die kinders tot die saad van die kerk gemaak, deur hulle te vereer met die eer-

ste martelaarskap. Die kind is 'n menslike wese, het 'n persoonlikheid presies soos 'n volwassene, en is net so dierbaar in die oog van God as hy. Meer nog, soos met 'n volwassene, so ook staan daar vir die kind net één van twee te wag: met God te leef en te sterf en also die ewige geluksaligheid te beerf, of aan die ander kant, sonder God hier te leef en Hom hierna ook te moet ontbeer.

Dit was die bedoeling van die eerste kristenpredikers om veral die oneindige waarde van dit kindersiel voor God vir die mense te laat verstaan; dit het hulle gedaan deur woord en geskrif en barmhartigheidswerk; en hoewel hulle aan die begin die oorgrote meerderheid teen hulle had, het hulle volhard om die publieke opienie te vorm naar hulle beskouing.

Hierin het die stoïsynse leer hulle ook al te hulp gekom; maar oor die algemeen was dit tog maar steeds nuwe grond wat hulle moes braak, grond begroei met allerlei vooroordele en verkeerde opvatting.

Maar juis in hulle volharding hierin het hulle getoon dat dit hulle erns was en dat hulle dit by die regte eind had; 'n kristelike godsdiens waar met die kind nie rekening gehou word nie, is nie die egte nie. Wat Celsus hulle tot skande wou dui, n.l. dat hulle ingang soek te kry by die kinders en die vroue en die ongeletterdes vir hulle leer omtrent die liefde van God en die saligheid van die mens — dit was juist hulle roem, en daarin wou hulle volhard. En dit was nie vergeefs nie. Hoe meer die kristelike kerk hom uitbrei, hoe meer ook werd die kristelike beskouing van die kind bekend en gewaardeer, en hoe sterker ook die publieke opienie ten gunste hiervan.

Origen: contra Celsum, lib. 3, 45.

Die direkte inwerking op die romeinse wetgewing moes egter nog lang uitbly, veral solang die kerk nog vervolg werd en haar leer afgekeur en teengewerk werd. Dis wel moontlik dat op indirekte wys die kerk tog bygedra het tot die humane wetgewing van keiser Alexander en andere, as mens in ag neem dat reeds onder Domitianus (81—96) die kristendom deurgedring het tot die konsulêre stand, b.v. Flavius Clemens en Flavia Domitilla; dat hierdie invloed duideliker te bespeur

is aan die hof van Commodus (180—192), veral in die persoon van Marcia, sy eggenoot; dat Epiktetus wie s'n invloed groot was as sedeleraar, en Galen die beroemde medikus, gunstig geoordeel het oor die kristene; dat Julia Mammaea die keiserin-moeder van Alexander, en hyself (222—249) die kristene baie goedgesind was; dat Filippus die Arabier (244—248) selfs 'n kristen genoem is; en ook is dit nie onmoontlik dat selfs die bittere vervolger Diokletianus (284—305) indirek van die kristene geleer het en in sy wetgewing beinvloed is deur 'n leer wat in sy tyd tot alle dele en stande van sy ryk deurgedring het, en wat 8 jaar na sy dood erken sou word van staatswege — Konstantyn s'n edik van Milaan — as religio licita naas die ander godsdienste in die romeinse ryk.

Selfs nadat die ryk kristelik verklaar is deur die troonbestyging van Konstantyn 325 as alleenheerser, was die kristelike inwerking op die romeinse wetgewing nie dadelik te bespeur nie. Konstantyn moes voorsigtig stuur tussen, enersyds, die leer van die kerk wat hy aangedaan was, en andersyds die romeinse wetgewing wat reeds in 'n sekere mate 'n soliede liggaam gevorm het, en die bekwaamste uitleggers waarvan byna uitsluitend heidene was. Ook moes hy dikwels afsien van 'n ideële wetgewing om hom aan te pas by die benarde tyds- en landsomstandighede, en van twee euwels die mindere kies.

Hoewel die kerk eers van staatswege deur Konstantyn die Grote erken werd, was sy vóór die tyd al druk besig om haar algemeen gesag te laat geld op haar gemeentelede en deur hulle op die publiek; hoewel hier moet gesê word dat die kerk aan die begin meer besorg was om haar lede suiwer te hou van die besmetting met die wereld. Hierdie gelding van haar gesag het sy soek te weeg te bring veral deur middel van sinodes.

Die eerste waarvan ons weet is die konsielie van Ancyra in Galatië 314; dit was maar 'n prowinsiale sinode en bygewoon deur nie veel meer dan 'n dosyn biskoppe. 'n Ander werd gehou te Neo-Caesarea in Pontus omtrent 315, dus nie

ver van die eerste nie. 'n Derde te Gangra ook in Pontus miskien in 330. Hierdie drie was prowinsiale sinodes en het gesoek om reëlinge te maak vir die kerke in hulle omgewing; veel van hierdie reëls of kanones het later ook wyer gesag gekry en is in oorspronkelike of veranderde vorm op die lys van meer bekende en meer algemene konsielies opgeneem.

In 325 werd te Nicea in Klein Asië nie ver van Konstatinopel en onder voorsitterskap van keiser Konstantyn self die eerste algemene sinode gehou. Die kanones van hierdie sinode het algemene erkenning erlang oor die hele kristelike kerk, met enkele uitsonderinge, en het in die kerk gegeld presies soos die rykswette in die publieke lewe; die kerk self was 'n soliede liggaam met eie wetgewing naas die staat; en juis deur haar solidariteit het haar wette en kanones almeer ook grote invloed uitgeoefen nie alleen op die kerklede nie, maar ook op die wysiging van die staatswette, soos ons later hoop aan te wys. Ook het invloedryke kristenskrywers en staatsmanne soos Lactantius e.a. deur hulle invloed op die keisers en op hulle omgewing veel kon bydra om die kristelike wetgewing naar kristelike ideale te doen verander.

Ons sien dus dat die wetgewing in die romeinse ryk in 'n sekere mate drie fases deurgemaak het: 1) die suiwer heidense, 2) die heidense wetgewing onder kristelike invloed, 3) die kristelike wetgewing.

Die doel wat ons ons voorhou is om na te gaan wat die invloed van die kristendom was op die romeinse wetgewing ten opsigte:

1) van die waarde van die ongebore vrug,

2) van die beskerming van die kind
   a) teen kindermoord,
   b) teen die weggooi van die kind,
   c) teen die verkoop van die kind.

3) van die liggamelike versorging van die kind,

4) van die geestelike versorging van die kind.

Die saak van die erfreg as ook van die reg van buitenegtelike kinders laat ons buiten beskouing.

Die notas het ek deurlopende sywers gegee om dit gemakkelik te maak daarheen terug te verwys.

Vir die bibliografie, ediesies en verkortinge van name geliewe agter te sien.

HOOFSTUK I.

Die invloed van die kristendom op die romeinse wetgewing ten opsigte van die waarde van die ongebore vrug.

Aan die begin van die romeinse geskiedenis hoor ons byna niks van die gebruik van afdryfmiddels nie, ewe min as wat ons hoor van egskeidinge. Die ongekunstelde lewe van die ou romeine het die ongebore vrug ongehinder gelaat; daarby was hulle bly as daar nuwe burgers, mannelike en vrouelike, vir die staat gebore werd. [1] Dit was toen en deels ook later 'n eer om 'n grote kroos te hê. Daarom ook verneem ons van geen wette teen hierdie euwel in daardie tyd nie.

Met die krygsveroweringe in die Ooste en die instroming van oosterse weelde en gemak, en as gevolg van die almeer artifisieel worde van die lewe, het hierdie kwaad ook spoedig sy intrek geneem in Rome, en het daar baie aanhangers gekry. [1a] Die censor of opsigter van die publieke sede werd mag gegee om die vader wat hieraan skuldig is te straf of te laat straf. Dit was veral die geval in die tyd van Augustus, 'n keiser wat sy bes gedaan het om die ryk vir verval te bewaar deur kinderteelt aan te moedig en deur die huwelik tog weer op 'n respektabele hoogte te bring deur middel van sy huweliks wette. Met die keisertyd tog het hierdie misdryf 'n grote omvang bereik, was iets helemaal alledaags geword; vroue en mans het hulle diens aangebie om 'n aanstaande moeder van haar ongewenste vrug te bevry; dit het 'n vaste en erkende bedryf geword; allerlei middels, allerlei kunste

---

1) Voigt, 12 Tabulae, 2. p. 243.

1a) Pauly Real Encys sub voce: Abortio, 1. S. 107.

1) Plautus; Mil. Glor. 3. 1. 110, tom. 3. p. 40: At Illa laus est, magno in genere et in divitiis maxumis liberos hominum educare, generi monumentum et sibi.

werd hiertoe aangewend, slegte en slegtere. Vroue het daarteen opgesien om moeders te word en dit nogal uit pure ydelheid; 3) hulle was bang dat hulle hulle liggamelike skoonheid hiervoor sou moet prys gee; die sug naar leë bewondering vir uiterlike mooiheid het by hulle versmoor die eer van moeder te wees en die geluk van moederliefde te smaak. 4) Andere van die vroue wou nie vir hulle mans kinders skenk nie, want hulle wis, dat wat hulle sou ter wereld bring, tog nie kinders van hulle eie mans was, maar basterkinders, gebore uit ontugtige omgang met slawe en andere.

Maar genoemde misdryf werd nie altoos straffeloos begaan nie; 5) dikwels moes sulk 'n ongelukkige vrou dit ontgeld met haar lewe; die dood van haar aanstaande suigeling bewerk ook tegelykertyd haar eie dood. Dit was in die oë van baie van die edelste geeste van daardie tyd 'n verdiende loon; hulle het nie meegegaan met die nuwe misbruike nie, maar wou die oorspronkelike hoë sede bewaar. Sulke wrede handelswys verwag mens nie by diere nie; 6) selfs nie by die wrede leeus en tiere nie; te groter skande dan vir 'n tere vrou en vir 'n man wat skuldig is aan die moord van hulle

---

3) Ovid. Nux Elegia Tom. I. lin. 20—23 p. 332;
Nunc uterum vitiat quae vult formosa videri,
Raraque in hoc aevo est, quae velit esse parens.

4) Juvenal. Sat. 6. 595—599 p. 165:
Gaude, Infelix, atque ipse bibendum
porrige quidquid erit; nam si distendere vellet
et vexare uterum pueris salientibus esses
Aethiopis fortasse pater; mox decolor heres
impleret tabulas nunquam tibi mane videndus.

5) Ovid. Eleg. 2. 14 lin. 37—40.
At tenerae faciunt (perdere fetus), sed non impune, puellae;
saepe, suos utero quae necat, ipsa perit,
ipsa perit ferturque toro resoluta capillos,
et clamant „Merito" qui modo cumque vident.

6) Ovid. Eleg. 2. 14. lin. 35—36.
Hoc neque in Armeniis tigres facere latebris,
Perdere nec foetus ausa laena suos.

kind, gebore of ongebore. 7) Daarom het sommige van hulle dit ook in sterke bewoordinge afgekeur as iets wat die publieke veragting en afsku en haat waardig is. 8) Aan die ander kant, die vroue wat hulle by die goeie ou gewoontes en verhewene sedes gehou het, en wat groots was om onder haar hart die edele las van 'n ongebore kind te dra, vir die het hulle ook lof gehad en het hulle tot 'n navolgenswaardige voorbeeld vir ander voorgehou.

Maar die skrywe van sulke edele geeste kon nie veel daartoe bydra om die bestaande kwaad te verminder nie; dit was te diep gewortel in die volkskarakter en lewensbeskouing, en vele dinge het daartoe bygedra om die kwaad eerder te versterk dan te verminder. Ons hoef net te wys op enkele feite.

Dis oorbekend dat die lewe te Rome in die keisertyd 'n toppunt van weelderigheid bereik het soos miskien nooit tevore of daarna; die sug naar selfgenot en selfbehaging was die één doel waarnaar die meeste gestreef het en waarvoor hulle ook alles opgeoffer het; hoog en laag het hieraan gely; die verkwisting van geld aan eetmale, dure villas, slawe, spele en dergelike, was ongehoor; die hoë stande het die voortou geneem, en het gewillige navolgers gevind in die res van die

---

7) Aul. Gellius Noct. Graec. XII. I p. 260.

Pleraeque istae prodigiosae mulieres fontem illum sanctissimum corporis, generis humani educatorem, arefacere et extinguere cum periculo, quoque aversi corruptique lactis, tanquam pulchritudinis sibi insignia devenustet; quod quidem faciunt eadem vecordia, qua quibusdam commenticiis fraudibus nituntur, ut foetus quoque ipsi in corpore suo concepti aboriantur, ne aequor illud ventris irrugetur ac de gravitate oneris et labore partus fatiscat; quod cum sit publica detestatio communique odio dignum.

8) Seneca Dial. 12 ad Helviam. par. 16 tom. I p. 255.

Non te, bene in antiqua et severa institutam domo, periculosa etiam probis peioris detorsit imitatio. Nunquam te fecundidatis tuae, quasi exprobraret aetatem, puduit. Nunquam more aliarum, quibus annis commendatio ex forma petitur, tumescentem uterum abscondisti quasi indecens onus, nec intra viscera tua conceptas spes liberorum elisisti.

volk; hiermee het soos altoos gepaar gegaan onverskilligheid omtrent sedelike gedrag, en 'n grote minagting vir die huweliksbande; 9) die voorste manne het hierin die voorbeeld gegee; Maecenas het sy vrou gedurig verander; Cato het sy vrou aan sy vriend Hortensius gegee en na sy dood het hy haar weer terug geneem; Cicero het sy vrou Terentia laat gaan omdat hy 'n nuwe bruidskat begeer het; andere het hulle vroue laat gaan om andere nietige redene of om helemaal geen rede.

Die vrou het hierdie les dan ook perfek van die manne geleer; hulle ook het op egskeiding gedwing waar dit nie nodig was nie, en het van man verander, net so veel as die mans hulle vrouens gewissel het; ons lees van 'n vrou wat ag mans had in vyf jaar; 'n ander had twee en twintig mans altesaam; die vroue het die jare gereken nie naar die consuls nie, maar naar hulle verskillende eggenote. 10) In één jaar alleen was daar drie duisend egskeidings hangende in Rome; by die hoëre klasse het hulle getrou enkel uit winssug, om die rykdom van die meisie; vroue uit die hoëre stand om aanklag weëns stuprum of adulterum te voorkom het hulle name laat stel op die lys van prostitues deur die aediles opgestel. Gemeng swem en baai was kenmerkend vir hierdie tyd, en werd in die hand gewerk deur dat die keisers self Baii ingerig het tot 'n lukse badplaas; die paederastie was 'n ingewortelde kwaad; geen vrou het gewaag om op straat te gaan sonder deur 'n slaaf vergesel te wees: dit was 'n tyd van nasionaal sedeverval. Weëns dit alles kon die ongebore vrug onmoontlik heilig geag en behandel word.

Daarby kom dat waar die rykdom so opgehoop werd, daar ook baie en bittere armoede gely werd deur die armere klasse, en menige vrou het geen ander uitweg gesien in tye van nood dan om die ongebore kind maar stilletjies te vernietig.

---

9) Lecky Hist. of E. M. 2. p. 307.
10) Voigt, Rom. Recht 2, S. 46.

Die heersende wreedheid van daardie tyd het ook bygedra om maar 'n geringe waarde te laat heg aan die menselewe. Die swaardgevegte werd aangemoedig deur die leiers in die land, en deur hulle gegee by elke geleentheid van publieke vreugde; [11]) somtyds werd soveel as 1600, somtyds selfs tot 10000 manne gebruik om teen mekaar te veg; en dan was dit 'n geveg tot die dood, sodat honderde op een dag in gruwelike smart moes omkom, om te voldoen aan die wrede behaagsug van die verwende toeskouers; hulle het dit nie eens ontsien om ook eetmale met sulke bloedtonele op te luister nie. Selfs vroue het aktiewe deel geneem aan hierdie wrede spele; terwyl die kinders hulle ouers vlytig nagemaak het in' hulle spulletjies. Die waarde en die heiligheid van die menselike lewe het gedaal tot nul.

Hierby kom nog dat die romeine hulle by die griekse filosofe aan gesluit het in hulle waardering van die ongebore vrug. [12]) Ons het al in die inleiding die gevoelens van hierdie filosofe weergegee; die gevoelens is nie alleen deur die romeinse wysgere en volk oorgeneem nie, maar is ook in die

---

11) Lecky Hist. of E. M.; I, p. 281.

12) Plutar. De plac. phil. p. 1108. An foetus sit animal. Plato animal esse censet quia et moveatur in utero et alatur. Stoici, partem ventris esse, non animal, utque fructus, qui stirpium sunt, ubi maturuere, defluunt, ita rem quoque habere de foetu. Empedocles foetum non esse quidem animal, spiritum tamen praeditum in utero; primam autem animalis respirationem fieri, quum partu edit decedente humore qui est in foetu, et in exhausti locum succedente in vasa reservata aere externo. Diogenes inanimata nasci animalia, sed cum calore; et insitum calorem simul atque natum est animal, animam in pulmones attrahere. Hierophilus naturalem foetui in utero, non animalem motum permittit, motusque causam edit nervos; animalia autem tum demum fieri, quum ex utero effusa aliquid aeris accipiunt.

En ook op pag. IIII. Quantum tempus ad formandum in utero animalis foetum requiratur. Empedocles hominum membro incipere conformari ait die trigesima sexta, perfici membra die undequinquagesima. Aesclepiades masculorum quod sint calidissima initium vigesimae sextae diei defert, nonnullis etiam maturius ponit; perfici autem membra intra diem quinquagesimam.

wette opgeneem en also bekragtig. [13]) So getuig Papinianus dat die ongebore vrug nie met reg 'n mens genoem kan word nie; en [14]) Ulpianus sê dat die ongebore vrug deel is van die vrou of van haar ingewande; eers na die geboorte, dit wil sê as die vrug losgeraak is van die vrou, dan het haar man reg daarop as vader om daarmee te doen naar goedvinde; maar voor die geboorte kan die vrou daarmee doen soos sy wil, want dis tog 'n deel van haar.

Augustus het probeer om die vernietiging van die ongebore vrug teen te gaan deur middel van sy huwelikswette. [15]) In die jaar 18 v. K. passeer hy die lex Julia de Maritandis Ordinibus waardeur die mense verbode was om ongehu te bly; die senaat gee sy toestemming, maar die volk was so daarteen dat hy die saak maar daar moes laat; alleen die

---

13) Dig. 35. 2. ad leg. Falcid. leg. 9. I. p. 508. Papinianus: In Falcidia placuit ut fructus postea percepti, qui maturi mortis tempore fuerunt, augeant hereditatis aestimationem fundi nomine qui videtur in illo tempore fuisse pretiosior, I.) Circa ventrem ancillae nulla temporis admissa distinctio est nec immerito quia partus nondum editus, homo non recte fuisse dicitur.

14) Dig. 25. 4. De ventre inspicien. lex I. I. Ulpianus: Ex hoc rescripto evidentissime apparet senatus consulto de liberis agnoscendis locum non habuisse, si mulier dissimularet se praegnatem vel etiam negaret vel immerito; partus enim antequam edatur, mulieris portio est vel viscerum. Post editum plane partum a muliere jam potest maritus jure suo filium per interdictum desiderare aut exhiberi sibi aut ducere permittere.

So ook Gravina: p. 46. Nota: Maternorum porro viscerum latens onus, infantem nondum editum, hominem; imo animal esse, negant jurisconsulti; idem Stoici putasse dicuntur Plutarcho.

En ook p. 47: Et Papinianus ait, beneficio affici hominem, hominis interesse. Hominem porro in fructu esse jurisconsulti negarunt; quanam ratione ducti, nisi quod natura omnes verum fructus, hominis causa, comparaverit? Quod est a Stoicis, qui cetera hominum causa nata esse dicebant. De foetu etiam, qui est in utero matris, jurisconsulti nostri proxime, atque Stoici existimarunt: non enim animal, sed portionem ventris materni; plerique illum dixerunt, inter quos Ulpianus ait: Partus enim antequam edatur, mulieris portio est, vel viscerum. Quam sententiam Stoicis tributam scimus.

15) Zumpt: Ueber den Stand S. 41.

wet De Pudicitia kon hy deurdwing, waardeur hy strenge strawwe dreig teen egbreuk en ongeoorloofde omgang met vrygebore meisies. Maar Augustus wou sy plan deurset: die romeinse burgery te vermeerder deur middel van die wetgewing; die wet sou hy nie te niet doen, maar hy sou die mense 'n kans gee van één jaar; hy het intussen die wet versag en in die jaar 9 n. K. dit laat deurgaan as die lex Papia Poppaea; beide konsuls wat die wet onderteken het was egteloos en kinderloos; die wet het geeis dat alle hubare manne tot sestig jaar en alle hubare vroue tot vyftig jaar in die huwelik moes tree. Strawwe werd toegepas op egtelose en kinderlose mans bo 25 jaar, en op vroue bo 20 jaar; [16] terwyl aan die ander kant spesiale voorregte toegeken werd aan gehudes wat kinders had, hoe meer kinders hoe groter voorregte, veral in die vorm van staatsonderhoud, reg tot erfenis aanvaar, bywoning van die publieke spele, verkry van ampte, verkry van vryheid, en dergelike. [17] Hierdie wet: Papia Poppaea, het 'n tamelike goeie invloed gehad om die huwelikskue romeine te dwing om te trou en kinders te teel, en het so die begeerte tot gebruik van afdryfmiddele enigermate teen gegaan.

Die eerste wet sover as ons weet wat teen die gebruik van afdryfmiddele gemunt was, was 'n uitbreiding van die lex Cornelia de sicariis et veneficis. Dit word getuig deur [18] Mar-

---

16) Voigt: Rom. Rechts. 2. S. 48.

17) Zumpt, Ueber den Stand, S. 45.

18) Dig. 48. 8. 3, 1 en 2: Ad leg. Corneliam de sic. et venef. p. 801. Marcianus: Eiusdem legis Corneliae de sicariis et veneficis capite quinto, qui venenum necandi hominis causa fecerit vel vendiderit vel habuerit, plectitur. Eiusdem legis adficitur, qui in publicum mala medicamenta vendiderit vel hominis necandi causa habuerit. Adjectio autem ista „Veneni mali" ostendit esse quaedam, et non mala venena. Ergo nomen medium est et tam id quod ad sanandum, quam id, quod ad occidendum paratum est, continet sed et id quod amatorium appellatur; sed hoc solum notatur in ea lege, quod hominis necandi causa habet. Sed ex senatusconsulto medicamentum ad conceptionem dedit, ex quo ea quae acceperat decesserit.

cianus wat sê dat nie alleen die mense strafbaar is wat gif maak of verkoop of besit met die doel om ander te dood nie, maar dat die wet uitgebrei werd om ook sulke te straf wat amatorium of liefdedrank toedien, of drank teen voorkoming van bevrugtiging of tot afdryf van die vrug.

19) Ook sê Ulpianus in die tyd van Caracalla, dat volgens wet 'n vrou wat skuldig is opsettelik die ongebore vrug te verwyder, veroordeel word tot ballingskap. 20) Dit word deur sommige beskou as die eerste romeinse wet teen aborsiepleeg. Miskien is dit dieselfde wet in veranderde vorm wat volgens 21) Marcianus deur die keisers Severus en Antoninus gemaak was, waardeur hulle vroue aan hierdie misdaad skuldig veroordeel tot 'n tydelike ballingskap, want, sê hulle, dit is nie reg, maar onwaardig en onregverdig, dat 'n vrou ongestraf haar man van kinders sou beroof; want volgens hierdie wet het die gehude man reg op die ongebore vrug as 'n aanstaande kind van hom; 22) daarom is ook net 'n gehude vrou, of 'n geskeie vrou wat swanger is en wat aan hierdie misdaad skuldig is, strafbaar deur die wet; 'n ongehude vrou daarentegen mag met die ongebore vrug doen naar verkiese. Soos die wette onder 18 en 19 val onder die wat handel oor moordenaars en gifmengers, so val 21 onder die extraordinaria crimina, buitengewone misdade.

23) Paulus haal aan 'n wet waardeur mense, skuldig aan die toedien van drank tot die voorkoming van bevrugtiging, al was die niet kwalik bedoel, maar enkel om die slegte voor-

---

19) Dig. 48. 8. 8. Ad leg. Corn. de sic. et venef. p. 802. Ulpianus: Si mulierem visceribus suis vim intulisse, quo partum abigeret, constituerit, eam in exilium praeses provinciae exiget.

20) Gibbon: Decl. and Fall of R. E., I p. 92.

21) Dig. 47. 11. 4. De extraor. criminibus, p. 787. Marcianus: Divus Severus et Antonius rescripserunt eam quae data opera abegit, a praeside in temporale exilium dandam; indignum enim videri potest impune eam maritum liberis fraudasse.

22) Pauly Real Ency. Abortio 1. S. 107.

23) Dig. 48. 19. 38. 5. p. 817. Ad leg. Cor. de sic. et ven.: Paulus: Qui abortionis aut amatorium poculum dant etsi dolo non faciunt, tamen quia

beeld, veroordeel word tot verbanning, die van laëre rang om te werk in die myne, die van hoëre rang tot verlies van 'n deel van hulle besit en om te woon op 'n eensame eiland. Sterf die man of vrou aan wie die drank toegedien was, dan word die drankmengers met die dood gestraf.

Die poging van 24) 'n vrou om aborsie te pleeg en also die man van kinders te beroof, was geldige rede vir die man om egskeiding te eis, maar die vrou kon nie van moord beskuldig word nie, daar die ongebore vrug nie as 'n mens betrag werd nie, maar slegs as deel van die vrou, soos ons gewys het onder nota 13 en 14 hierbo.

Dit is sover as wat die heidense romeinse wet gekom het in die waardering van die ongebore vrug; en selfs die skone frases van humanitariese skrywers as Seneca: Dum inter homines sumus, colamus humanitatem, (De Ira. ad fin.) of van Terentius: Homo sum, humani nihil a me alienum puto, (Heaut ont. 1. 1. 126) het nie veel kon teweeg bring om die kleine ongebore tot sy reg te laat kom nie; en dit is wat ons verwag as ons sien dat Chremes die spreker van die laaste seer bekende uitdrukking ook dieselfde man is wat 'n beetjie verder in die toneelstuk bevel gee om 'n pasgebore kindjie op die straat wegtegooi. Deur die wetsbesluite, deur die geskrifte van die filosofe, deur die voorbeeld wat die toneel voorgehou het, deur die publieke opienie was die kleine ongebore alle reg ontsê, en was hy oorgelewer aan die willekeur van sy moeder, wat hom in die lewe kon hou of kon vernietig. Dit het 'n sterkere krag gevra as voorgenoemdes om wet en publieke opienie in sy guns te verander, en die krag het hom weldra geopenbaar as die kristelike godsdiens.

In die *Oue Testament* word nêrens melding gemaak van van aborsie; dit skyn onbekend te gewees het by die jode. Hulle het die ongebore vrug as 'n lewende wese beskou soos

---

mali exempli res est, humiliores in metallum, honestiores in insulam amissa parte bonorum relegantur, quodsi eo (ex hoc) mulier aut homo perierit, summo supplicio adficiuntur.

24) P a u l y Real Enc. 1. S. 107.

ons lees in Genesis 25 vers 21. Hierdie geskiedenis van Jakob en Esau word ook aangehaal in Hosea 12.4 en in Rom. 9.10; terwyl ons dieselfde beskouing vind in Lukas 1 vers 35, 41, 44. Miskien kan die uitdrukking „sonder natuurlike liefde" Rom. 1.31, deels ook sien op die gebrek aan waardering deur ouers van die ongebore vrug. In elk geval die joodse beskouing is oorgeneem geword deur die kristelike skrywers en met reg; en in hierdie skrywers het die ongebore kind sy grote volhardende pleitbesorgers gekry. Hulle het hulle meermale beroep op genoemde geboorte van Esau en Jakob; Lukas 1.35 het ook 'n kragtige stoot gegee in die goeie rigting, want die ontvangenis van die Messias deur die maag Maria was steeds 'n goddelike wonder in die oë van die ou kerkvaders.

Waar by die griekse en latere romeinse wysgere dit 'n hinke was op twee gedagtes, 'n onsekerheid of die fetus mens was of nie, daar het by die kristenskrywers geen die minste twyfel bestaan nie. Hulle wou nie saamgaan met die leer van [25] Aristoteles as sou die foetus aan die begin van sy bestaan enkel vegetaries wees, daarna 'n dierlike siel ontvang en eers na veertig of vyftig daë 'n redelike siel hê, en as sou dit minder sleg wees die foetus vóór die veertigste dag te vernietig dan daarna.

Hulle erken weliswaar sy gestadige groei, [26] en dat hy

---

provinciae en het [87] die vader vermaan om 'n kind nie somaar op eie gesag te dood nie, maar 'n aanklag in te dien by die prefek of by die praeses provinciae; en dan kon hy dit doen met hulle toestemming. [88] Ook as die vader sy mag misbruik oor sy kinders dan kon hulle van regswee hulle emansipasie eis van die potestas parentis; die vader het nou mag oor die kind nie soseer kragtens sy vaderskap as om die nut van die kind.

Konstantyn het in die jaar 318 die wet Pompeia de parricidiis nota 78 bekragtig en [89] nuwe strawwe gedreig by die oortreding daarvan; die ouer wat sy kind of die kind wat sy ouer vermoor sal nie met die swaard of met vuur gedood word nie, maar sal in 'n sak gesteek word waarin 'n slang, 'n hond, 'n aap en 'n haan as passende geselskap gedaan is en sal dan in die see of in 'n rivier gewerp word om daar te verdrink. Hierdie wet het Theodosius in sy kodex opgeneem en ook [90] Justinianus met enkele veranderinge. Die mag van lewe

---

87) Justinian, Digest. 48, 8, 2, Ulpian, p. 801, Inauditum filium pater occidere non potest sed accusare eum apud praefectum praesidemve provinciae debet.

88) Voigt, Rom. Rechts. 2, S. 574.

89) Justinian, Codex, 9, 17, 1, p. 379, en Cod. Theodos. lex 9 titel 5, Imper. Constantinus ad Verinum vicariam Africae. Si quis in parentis aut filii aut omnino adfectionis eius quae nuncupatione parricidii continetur fata properaverit, sive clam sive palam id fuerit enisus poena parricidii punietur, neque gladio neque ignibus neque ulla alia sollemni poena subjugetur, sed insutus culleo et inter eius ferales angustias comprehensus serpentium contuberniis misceatur et ut regionis qualitas tulerit vel in vicinum mare vel in amnem projiciatur ut omni elementorum usu vivus carere incipiat, ut ei coelum superstiti, terra mortuo auferatur. Carthago 318—319.

90) Justinian, Instit. 4, 18, 6, p. 57: Alia deinde lex asperrimum crimen nova poena persequitur, quae Pompeia de parricidiis vocatur qua cavet ut, si quis parentis aut filii aut omnino adfectionis eius quae nuncupatione parricidii continetur, fata proparaverit, sive clam sive palam id ausus fuerit, nec non is, cuius dolo malo id factum est, vel conscius criminis existit, licet extraneus sit, poena parricidii punietur, et neque gladio neque ignibus neque ulla alia sollemni poena subicietur, sed insutur

en dood jus vitae necisque het 91) Konstantyn die ouers ten enemale ontneem, hoewel Justinianus 150 jaar later nog maar sover was om te verorden dat die volwasse kind nog steeds onder die vadermag bly 92) tensy hy in die patriesiese rang opgeneem is of vooraanstaande poste beklee soos 93) biskop of staatsminister; dan alleen was hy vry van die vaderdwang.

Wat die onvolwasse, die infantes en veral die pasgebore kinders betref, hulle lewe het nie hoog gegeld by die romeine nie. Ons het al gewys op die mag wat Romulus die vader toegeken het oor sy kind, nota 58, selfs om die kind die lewe te ontneem. Hierdie reg werd bevestig deur die Twaalf Tafels en het gegeld tot die tyd van 94) Cicero en is later deur 95) Seneca goedgekeur. Wel het die Twaalf Tafels toegelaat enkel die moord van liberi deformi, maar hierdie mag het die ouers in die loop van die tyd toegepas op alle pasgebore kin-

---

culleo cum cane et gallo gallinaceo et vipera et simia et inter eius ferales angustias comprehensus, secundum quod regionis etc. soos bo.

91) Justinian, Digesta, 8, 46, 10, p. 358: Constantinus: Libertati a majoribus tantum inpensum est ut patribus, quibus jus vitae in liberos necisque potestas olim erat permissa, eripere libertatem non liceret. anno 323.

92) Justin. Cod. 12, 3, 5, p. 454: Imp. Justinianus: Sancimus viros excelsos patricios quos in huiusmodi dignitatis apicem augusta majestas rettulerit ilico ab imperialibus codicillis praestatis, patres familias effici ac potestate liberari paterna, ne videantur, qui a nobis loco patris honorantur, alieno juri esse subjecti.

93) Voigt, Rom. Rechtsges. 3, S. 259.

94) Cicero, de Legibus, lib. 3, cap. 8, p. 229: Deinde cum esset cito necatos tanquam ex XII Tabulis insignis ad deformitatem puer, brevi tempore nescio quo pacto recreatus multoque taetrior et foedior renatus est.

95) Seneca, de Ira, 1, 15, tom. 1, p. 46: Quid enim est cur oderim eum cui tum maxime prosum, cum illum sibi eripio? Num quis membra sua tunc odit, cum abscidit? Non est illa ira sed curatio misera. Rabidos effligimus canes et trucem et immansuetum bovem occidimus et morbidis pecoribus, ne gregem polluant, ferrum demittimus. Portentosos fetus extinguimus, liberos quoque si debiles monstrosique editi sunt, mergimus. Nec ira sed ratio est a sanis inutilia secernere.

ders [96] wat hulle 'n oorlas geskyn het of waaraan hulle 'n afkeer had. Die moord van kleine kinders was iets algemeens te Rome in die tweede en eerste eeu voor Kristus en die eeu daarna. [97] Apuleius vertel as iets heel gewoons dat 'n vader op die punt om op reis te gaan vir sy vrou beveel dat as die kindjie wat sal gebore word 'n jongetjie is, sy hom moet bewaar en opvoed, maar as dit 'n meisie is sy haar maar dadelik uit die weg moet ruim. 'n Meisie werd gebore; die moeder gee haar toen aan die burin om te bewaar; en toen haar man terug kom sê sy vir hom dat dit 'n meisie was, wat gebore was, en dat sy haar maar so van kant gemaak het; waarmee haar man in sy skik was. [98] Tacitus prys die germane en die jode vir hulle eienaardige en lofwaardige gewoonte om hulle kinders nie dood te maak nie, soos die romeine gewoon is te doen. Hy sê dat hierdie twee volke dit selfs as 'n misdaad, 'n sonde beskou, en hy meen dat die romeine wel goeie wette mag hê, maar in die goeie sede uit die tyd van Romulus afkomstig kom hulle te kort by hierdie twee volke; [99] hoeveel te meer dan staan die gruwelike romeinse sede van Tacitus se tyd benede die van die germane en jode.

Die vader het veral hierdie mag van hom toegepas op kinders wat hy meen of wat hy weet oneg te wees. In die begin

---

96] G. Noodt, Julius Paulus, p. 348: Sed integros quoque qui parentibus oneri futuri viderentur vel eis ob sexum aut conjugis odium aut aliquod omen aut aliter displicernt, exponi, abjici aut necari passi sunt.

97] Apuleius, Metamorphoseon, lib. 10, 23, p. 196: Maritum habuit cuius pater peregre proficiscens mandavit uxori suae, matri eiusdem juvenis quod enim sarcina praegnationis oneratam eam relinquebat, ut si sexus sequioris edidisset foetum, protinus quod esset editum necaretur. At illa prae absentia mariti natam puellam insita matribus pietate praeventa descivit ab obsequio mariti, eamque prodidit vicinis alumnandam, regressoque jam marito natam necatamque nuntiavit.

98] Tacitus, Germania, 19. p. 638: Numerum liberorum finire aut quemquam ex agnatis necare flagitium habetur, plusque ibi boni mores valent, quam alibi bonae leges.

Tacitus Histor. 5. 13 (geen pag.) sê omtrent die jode: nam et necare quemquam ex agnatis nefas.

99] Noodt, Jul. Paulus, p. 349.

van die [100] derde eeu na Kristus is aan die vader die mag grotendeels weggeneem om te oordeel of die kind eg of oneg is; om sy oordeel van onegtheid te staaf moes hy regsgronde aangee en die ook bewys; en waar die vader miskien twyfel koester omtrent die egtheid van die kind, daar het die moeder die reg gekry om die egtheid vas te stel. [95] Seneka erken openlik dat in sy tyd dit die gewoonte was om pasgebore kindertjies wat swak of sieklik of misvorm was dadelik maar te verdrink. Dit beveel hy aan as die redelikste handelwys in sulke gevalle, want dit tog is onse handelwys ook met dolle honde en ander kwaadaardige beeste. Hierdeur erken hy ook die absolute mag van die vader oor die lewe van sy pasgebore kleintjie, want wie dan die [101] vader alleen sou besluit wat sieklik en wat misvorm was?

[102] Wallon is nie seker wanneer vir die eerste keer die mag van dood en lewe oor die kind aan die vader ontneem is. Die geval van Hadrianus nota 81 handel oor 'n volwasse kind en dit is byna seker dat sy vonnis oor die vader uitgespreek nie dieselfde sou gewees het nie, waar 'n pasgebore kind gedood werd. Of die lex Pompeia de parricidiis nota 78 en die lex Cornelia de sicariis nota 79 ook die moord van pasgebore kinders bedoel het is nie seker nie; uitsprake as die van Papinianus 82, Paulus 83, Gaius 65, pleit hierteen. En ook die wet by Ulpianus nota 87, sien nouliks op pasgebore kinders, maar eerder op mondige kinders of in elk geval kinders wat al redelik kan oordeel. Dus lyk dit of vir die beskerming van die lewe van pasgebore en van onmondige kinders nie veel gedaan is vóór Konstantyn se tyd nie.

Hierdie oordeel kom ooreen met die uitspraak van die ou kerkvaders en veral waar hulle dit het teen die heidense romeine dat die hulle kinders so ongeërg opoffer of laat opoffer aan die afgode.

---

100) Voigt, Rom. Rechtsges. 2, S. 569.
101) Sie nota 96.
102) Wallon Hist. de l'Esclav. tom. 3, nota 3, p. 446.

Veral is dit Tertullianus wat hulle openlik dit verwyt. 103) Tot die tyd van Tiberius, sê hy, het hulle openlik hulle kinders deur die vuur laat gaan, met die gevolg dat Tiberius baie van die sonnepriesters het laat kruisig; dog hierdie straf het nie gehelp nie, want selfs in sy eie tyd doen hulle dit nog. 104) Selfs in Rome, sê hy, word nog steeds vir Jupiter bloedige offerandes gegee, waarmee hy bedoel die ellendige offers wat deur die bloeddorstige spele om die lewe kom.

105) Aan die bloedige opoffering van hulle kinders is skuldig hoog en laag, selfs die regters, opreg en streng, voor wie die kristene so dikwels moes verskyn om die valse aanklag te verantwoord van hulle eie kinders op te offer. 106) Dog die

---

103) Tertull. Apolog. 9, tom. 1, p. 143: Haec quo magis refutaverim, a nobis fieri ostendam partim in aperto, partim in occulto, per quod forsitan et de nobis credidistis. Infantes penes Africam Saturno immolabantur palam usque ad proconsulatum Tiberii, qui eosdem sacerdotes in eisdem arboribus templi sui obumbratricibus scelerum votivis crucibus exposuit, teste militia patriae nostrae quae ad ipsum munus illi proconsuli functa est, sed et nunc in occulto perseveratur hoc sacrum facinus.

104) Tertull. Scorpiace, 7, tom. 1, p. 514: Sed enim Scytharum Dianam aut Gallorum Mercurium aut Afrorum Saturnum hominum victima placare apud saeculum licuit, et Latio ad hodiernum Jovi media in urbe humanus sanguis ingustatur, nec quisquam retractat aut non ratione praesumit aliqua aut inaestimabile dei sui voluntate.

En Apolog. 9, p. 146: Ecce in illa religiosissima urbe Aeneadarum piorum est Jupiter quidam, quem ludis suis humano sanguine proluunt. Sed bestiarii, inquitis. Hoc opinor, minus quam hominis? An hoc turpius quod mali hominis? Certe tamen de homicidio funditur.

105) Tertull. Apolog. 9, p. 146: O Jovem christianum et solum patris filium de crudelitate! Sed quoniam de infanticidio nihil interest sacro an arbitrio perpetretur, licet parricidium homicidio intersit, convertar ad populum. Quot vultis ex his circumstantibus et in christianorum sanguinem hiantibus, ex ipsis etiam vobis justissimis et severissimis in nos praesidibus apud conscientias pulsem, qui natos sibi liberos enecent? Siquidem et de genere necis differt, utique crudelius in aqua spiritum extorquetis, aut frigori et fami et canibus exponitis: ferro enim non aetas quoque major optaverit.

106) Tertull. Apolog. 9, tom. 1, p. 144: Cum propriis filiis Saturnus non pepercit extraneis utique non percendo perseverabat, quos quidem

romeine volg hierin maar hulle gode na; Saturnus het nie sy eie kroos gespaar nie maar het hulle verslind, en sy seun Jupiter het sy vader hierin gevolg.

So ywerig as wat die apologete die kwaad aangeval het onder die heidene, het die kerkkonsielies dit bestry in die boesem van die kerk self. Die Apostol. Konstitutiones nota 35 en die Brief van Barnabas nota 36 het albei daarteen gewaarsku; eweëens die konsielie van Ancyra nota 38, wat in 'n ietwat gewysigde vorm [107]) deur die galliese kerk oorgeneem is. Hierdeur het 'n vrou, wat skuldig aan die moord van haar kind is, tien jaar boete moes doen eer sy weer in' die gemeenskap van die kerk kon opgeneem word. [108]) Pous Hadriaan I het in die jaar 774 hierdie besluit van Ancyra bevestig. [109]) Ook in die spaanse kerk het hierdie misdryf welig

---

ipsi parentes sui offerebant et libentes respondebant et infantibus blandiebantur, ne lacrimantes immolarentur. Et tamen multum homicidio parricidio differt.

Theophilus ad Autolycum, 3, 3, p. 155: Quis enim non canit Saturnum filiorum voratorum aut Jovem eius filium Metin absorbentem et scelerata convivia diis opponentem in quibus Vulcanum quendam claudum et fabrum perhibent illis ministrare.

107) St. Martini Bracarensis Capitula, Hard. 3, can. 77, p. 399: Si quis mulier fornicaverit, et infantem qui exinde fuerit natus occiderit; et quae studuerit abortum facere et quod conceptum est necare, aut certe ut non concipiat, elaborat, sive ex adulterio sive ex legitimo conjugio; has tales mulieres nec in morte recipere communionem priores canones decreverunt. Nos tamen pro miseracordia, sive tales mulieres sive conscias scelerum ipsarum, decem annis agere poenitentiam judicamus.

108) Hadrianus I, Regulae Ancyr. Concil. 774, Hard. 3, p. 2037, can: 20: Ut feminae quae partus suos ex fornicatione necant decennio poeniteant.

109) Toledo. Concil. 589, Hard. 3, p. 482, can. 17: Cum multae quaerelae ad aures sancti concilii deferrentur, inter cetera tantae crudelitatis est opus nuntiatum quantum ferre confidentium aures sacerdotum non possent ut in quibusdam Hispaniae partibus filios suos parentes interimant, fornicationis avidi, nescii pietatis. Quibus si tardium est filios numerosius agere, prius seipsos debent castigare a fornicatione, nam dum causa propagandae prolis sortiuntur conjugia, hi et parricidio et

geteel tot spyt van die biskoppe en van die koning Rekared; en daarom op 'n sinode te Toledo, die derde van die naam, in 589 met die goedkeuring van die koning het die kerk haar afkeur in baie skerpe bewoordinge te kenne gegee, en het sy voorgeneem om met die siviele regters saam te werk ten einde hierdie wrede en gruwelike misdryf uit te roei.

Die kristelike gees deur die gemeente en die kerkelike leiers in hulle geskrifte geopenbaar kon nie anders dan 'n heilsame invloed uitoefen om hulle heen. Daarom sien ons ook dat Konstantyn die Grote nie lang gewag het om hierdie misdrywe aan te tas nie. In die jaar 318 het hy Verinus die goewerneur van die prowinsie Afrika beveel om flink op te tree teen die opoffer van mense en veral van kinders; [110] want dit skyn dat die sonnediens daar nog 'n kwynende lewe gely het; ook het hy hom aangespoor om op te tree teen die moord van kinders en ander verwante begaan op ander wyse. Die wet is reeds gegee nota 89 en nota 111. Tot op die tyd van

---

fornicationi tenentur, obnoxii, qui fetus (i. e. filios) necando proprios, docent se, non pro filiis, sed pro libidine uxores duxisse. Proinde tantum nefas ad cognitionem gloriosissimi domini nostri Recaredi regis perlatum est; cuius gloria dignata est judicibus earundum partium impetrare, et hoc (i. e. amovendum tantum facinus) horrendum facinus diligentur cum sacerdote perquirant et adhibita severitate prohibeant. Ergo et sacerdotes locorum haec sancta synodus dolentius convenit, ut idem scelus cum judice curiosius quaerant, et sine capitali vindicta acriori disciplina prohibeant.

110) Gibbon, Decl. and Fall 2, p. 31: A law of Constantine intended principally and perhaps exclusively for Africa where the sacrifices of children to Saturn were very common.

Gothofredus, God. Theodos. tom. 3, p. 121; lex 9, tit. 15: Illud tantum monendum superest, pertinere hanc legem ad Africam, quae liberos de more non una occasione enecabat, vel cultu olim superstitioso Saturno eos immolabat (de quo sunt notissima Patrum loca, vel eos exponebat; cui mori Constantinus aliis constitutionibus obviam ivit) vel aliter eos enecabat in eorum fata properando, ut haec lex.

111) Cod. Theodos. de parricidio lex 9, tit. 15, tom. 3, p. 119: Imp. Constantinus ad Verinum Africae: Si quis parentis aut filii aut omnino affectionis eius quae nuncupatione parricidii continetur, fata properaverit,

Konstantyn was dit geoorloof om kinders van kant te maak, hetsy deur direkte moord of deur weggooi.

112) Konstantyn was die eerste wat dit onder die misdaad van parricidium gestel het. 113) Valentinianus, Valens en Gratianus het in die jaar 374 die saak duideliker gestel deur hulle skrywe aan Probus prefek van Italië, waarin bepaald genoem word die infans, en waarin gesê word dat elk wat skuldig is aan die moord of gepoogde moord ook van 'n klein kindjie, skuldig sal wees aan moord, en daarnaar gestraf sal word, d.w.s. teen die prys van sy lewe. 114) Hierdie wet is onjuis deur Rewardus en ander toegepas op die kinderoffers in Afrika, waarvan Tertullianus veral veel meld, sie nota 103 en 104; en dit doel op die moord van 115) kleine kinders en pasgeborenes wat deur hulle ouers om die lewe gebring word of uit gemaksug en uit traagheid om hulle groot te bring of om die skande van hulle ontugtige lewe te bedek. En so is eindelik deur middel van 116) hierdie wet op die volhardende

---

sive clam sive palam, id fuerit enisus neque gladio neque ignibus neque ulla alia sollemni poena subjugetur, sed insutus culleo.... vel in vicinum mare vel amnem projiciatur etc. anno. 318.

112) Noodt, Jul. Paul. p. 353.

113) Gothofr. Cod. Theod. 9, tit. 14, tom. 3, p. 91; (Codex Justin. ad leg. Cornel. de sicar. 8. 16. 7. p. 379): Impp. Valentin. Valens et Gratianus ad Probum: Si quis necandi infantis piaculum adgressus, adgressusve sit, erit capitale istud malum.

114) Noodt, Julius Paul. p. 362 en Gothofred. Cod. Theodos. 9, tit. 14, tom. 3, p. 91.

115) Gothofr. Cod. Theodos. 9, tit. 14, tom. 3, p. 91: Porro non inani ipse ducor conjectura, pertinere hanc legem ad infantes recens natos quos volgivaga et illicita Venere, sive de vulgo patres sive vulgariae matres enecare soliti, velandae turpitudinis causa et quidem in ipsamet urbe Roma. En ook:

Noodt Juli. Paul. p. 363: lê veral nadruk hierop dat infans hier nie enige kind onder sewe jaar is nie, maar beslis beteken sanguinolentus seu recens natus.

116) Noodt, Jul. Paul. p. 363: Igitur quod omnes boni et sancti viri inprimis christiani, etiam multi gentiles non legis, sed officii ac pietatis esse aestimabant, hoc imperatores de lege 8 tandem ad juris necessitatem

strewe van die kristelike vaders en apologete in sake die beskerming van die lewe van die pasgebore kind en van die suigeling beloon geword; voortaan staan die pasgebore kind op dieselfde basis wat betref die waarde van sy lewe as die volwasse persoon, en mog hy eweëens pleit op die beskerming van die wette.

Ook by die germaanse volkere het deur middel deels van die romeinse wetgewing en deels van die invloed van die kerk die lewe van die kind 'n juiste waardering gekry.

117) Die wesgote het die wet van Konstantyn de Parricidio nota 111 en die wet van die drie keisers ad leg. Cornel. de sicariis nota 113 letterlik oorgeneem, en daarby nog 'n ander gevoeg 118) waarin georden word dat as so 'n skuldige sy toevlug neem tot 'n kerk of altaar hy daar nie veilig sal wees nie, maar sal moet oorgelewer word in die hande van die wraaknemers. Hierdie wet sien egter meer op volwasse en halfvolwasse kinders dan op suigelinge. 'n Ander wet van hulle wat bepaald op ongebore en pasgebore kinders betrekking het, het ons al gegee onder nota 52 waarin o.a. gesê word dat wie skuldig is aan die verderfelike misdryf

---

traxerunt, cum jussurunt, homicidii poena quae tum capitalis erat, puniri eum qui infantem necaverit, puta, strangulaverit aut eliserit; nec hunc tantum sed etiam qui necare tentaverit, puta quod eum abjecerit in aquas aut in solitudinem aquis aut fame aut frigore aut ferarum laniatu consumendum.

117) Haenel Lex romana wisigoth. p. 184.

118) Lindenbrog. Lex Wisigoth. 4, tit. 5, 18, p. 138: De his qui proximos sanguinis occiderint: Si pater filium, aut filius patrem, seu maritus uxorem aut uxor maritum, aut mater filiam aut filia matrem aut frater fratrem, etc. vel quicunque consanguinitate sibi proximum, aut suo generi copulatum occiderit, morte dampnetur. Quod si propter hoc homicida ad ecclesiam vel altaria sancta concurrerit, in potestatem parentum vel propinquorum occisi tradendus est, ut salva tantum anima, quidquid de eo facere voluerint, habeant potestatem. Omnem vero substantiam suam heredibus occisi, juxta legis superioris ordinem, jubemus addici, aut etiam fixo, si heredes proximos occisus non reliquerit, sociari. Nam homicida nec facultatibus suis libertatus utetur, etiamsi poenam mortis evadere mereatur.

van sy kinders te dood vóór hulle geboorte of ook daarna, gestraf sal word of met die dood of met verlies van die gesig.

119) Ook die Saliers het sware strawwe gelê op die moord van 'n kind, hoewel hierdie strawwe, soos meestal by hulle, die vorm aangeneem het van weregeldum.

120) Ook Karel die Grote het strenge kerkelike strawwe gelê op ouers wat maar selfs per ongeluk hulle kind in die bed doodgedruk het of versmoor het, 121) terwyl hy die opsettelike moord van kindertjies gelyk gestel het met homicidium 122) en homicidium het hy gestraf met die dood.

---

119) Lindenbrog Lex Salica, p. 324, tit. 26: De his qui pueros vel puellas occiderint vel totonderint.

1. Si quis puerum infra quinque annos crinitum sive incrinitum occiderit 23 den. qui faciunt sol. 600 culpabilis judicetur.

5. Si quis infantem in matris suae utero aut natum antequam nomen habeat, infra 9 noctes occiderit 4 den. qui faciunt sol. 100 culpabilis judicetur.

6. Si quis puellam ingenuam infra annos antequam infantes possit habere occiderit, 8 den. qui faciunt sol. 200 culpabilis judicetur.

120) Carol. Capitularia, lib. 7, tit. 297, p. 247: De mulieribus et viris infantibus opprimentibus quid agendum sit. Mulier quae dormiens filium suum oppresserit et mortuus fuerit, sex annos poeniteat, duos in pane et aqua, reliquos quattuor secundum quod sacerdos illos viderit posse, abstinentiam imponat ciborum.

121) Carol. Capitul. lib. 7, tit. 121, p. 218: De homicidis infantum. Si quis infantem necaverit, ut homicida teneatur.

122) Carol. Capitull. lib. 7, tit. 183, p. 229: De homicidis quid agendum sit. De homicidis ita jussimus observare ut quicunque ausu temerario alium sine causa occiderit, vitae periculo feriatur, et precio nunquam se redimere valeat et si convenerit ut ad compositionem quisque descendat, nullus de parentibus aut amicis eum quicquam adjuvet, quod si fecerit suum vuirgeldum omnino componat.

HOOFSTUK III.

Die beskerming van die kind teen weggooi.

Was dit die gewoonte in Griekeland om kinders, veral sieklike en verminkte, om die lewe te bring, op 'n veel grotere skaal vind ons het die weggooi van kinders daar geheers. Ons het reeds in die inleiding daarop gewys hoe hierdie misdryf deur die wette van Lykurgus aangemoedig werd; dat dit die goedkeuring van manne as Plato en Aristoteles had; dat dit deur vele skrywers later gemeld word, en nooit met afkeur nie. En net so min kans as wat die ongewenste kindjie in Griekeland had om deur die vader behou te word en in die bosem van die famielie opgevoed te word, net so min kans had die romeinse kind.

Die geskiedenis van [123] Rome begin met die weggooi van twee kinders, die tweeling broertjies Romulus en Remus; en hulle lot sou herhaal word in die geval van ontelbare pasgebore kleintjies, en dit nogal in 'n tyd wanneer Rome nie meer 'n moerassige woesteny is in die nabyheid van Alba Longa nie, maar die draagster van die wereld beskawing en haar menens van die wereldhumaniteit ook.

[124] Romulus het wel 'n wet gemaak waardeur gebode werd dat die jongetjies wat gebore word, indien gesond en sterk, en ten minste die oudste meisie, aan die lewe behou moes

---

123) Livius, Rer. Roman. tom. 1, lib. 1, 4, p. 9: Vi compressa Vestalis cum geminum partum edidisset, seu ita rata seu quia deus auctor culpae honestior erat, Martem incertae stirpes patrem nuncupat. Sed nec dii nec homines aut ipsam aut stirpem a crudelitate regia vindicant: sacerdos vincta in custodiam datur pueros in profluentem aquam mitti jubet.... ita velut defuncti regis imperio in proximo adluvie, ubi nunc ficus Ruminalis est pueros exponunt.

124) Sie nota 59.

word; maar die ander meisiekinders as hulle te veel was vir vader of moeder, werd eenvoudig van kant gemaak, óf deur hulle te verwurg, óf hulle in die rivier te verdrink, óf waar die menslike gevoel 'n beetjie die oorhand had en [125] hulle hulle hande nie onnodig met kinderbloed wou bevlek — [126] 'n color pietatis — het hulle so 'n kleintjie êrens in 'n bos of op straat weggegooi om daar in ellende om te kom. So nou en dan sou so 'n verworpeling deur die een of ander goeie siel gevind en opgeneem word, 'n lot wat die stigters van Rome getref het; maar in die meeste gevalle het dit seker nie so gelukkig afgeloop nie.

Dan is dit nog 'n vraag in hoe ver en vir hoe lang hierdie wet van Romulus gegeld het; [127] indien daar werkelik so 'n wet bestaan het, [128] want hy is in elk geval nie in die Twaalf Tafels opgeneem nie. Die wet het wel gesorg dat die vader verseker was van die mag van lewe en dood oor sy kind; maar na Romulus se tyd is daar geen enkel bewys dat vir die veiligheid van die kindjie maatreëls getref werd. En so het die romeinse suigeling sy via crucis gegaan, waarmee nogal veel gespot is deur latere romeinse skrywers.

In die tyd van Plautus en Terentius was die vondeling kindjie iets goed bekends op die toneel; die volk was uit ondervinding gewoon te hoor en sien dat 'n kindjie kort na sy geboorte weggegooi word [129] om te sterf. Selfs werd op

---

125) Lactantius, Divin. Institut. 6, 20. tom. 1, p. 558: verum homines, ne quod sit facinus quo manus suas non polluant, rudibus adhuc et simplicibus animis abnegant lucem non a se datam.

126) Noodt, Jul. Paul. p. 361.

127) Sie nota 61 slot.

128) Sie nota 63.

129) Plautus, Cistellaria. 1, 5, 15, tom. 1, p. 566.

Decumo post mense exacto hic peperit filiam,
quoniam reum eius facti nescit qui aiet,
paternum servom sui participat concili,
dat eam puellam ei servo exponendam ad necem.
Is eam projecit; haec puellam sustulit.

die 130) toneel gewys hoe so 'n kindjie wat net pas die lewenslig gesien het, deur sy vader wat hom roem op sy mensliewendheid maar wat tog geen vaderliefde besit, van 131) die moederarme weggeskeur word om op straat gelê te word en daar op die eerste beste wys 'n eind te maak aan sy kort en ellendig bestaan. 132) Sommige skrywers meen dat dit wesenlik nie so erg was as wat hierdie dramatiste dit voorstel nie; dat dit maar 'n gewoon deel gevorm het van die intrige van die toenmalige toneelstuk; dog iets so artifisieel in te vleg in die stuk sou indruis teen die lewenswerklikheid wat so kragtig geskilder word deur hierdie skrywers in hulle toneelstukke. Wel word op die toneel die kindjie skielik altoos

---

130) Terentius, Andria, 4, 3, 6—11, geen pagina.

My. Sed Davos exit. Mi homo, quid istuc obsecrost?
quo portas puerum? Da. Mysis, nunc opus est tua
mihi ad hanc rem exprompta malitia ac astutia.
My. quid nam incepturus? Da. accipe a me hunc ocius
atque ante nostram januam adpone. My. Obsecro,
humine?

131) Terentius, Heautontimor. 4, 1, 13; geen pagina.

So. Meministin me gravidam et mihi te maximo opere edicere,
si puellam parerem, nolle tolli? Ch. Scio quid feceris;
sustulisti. Sy. Sic est fatum: domna ego, erus damno auctus est.
So. Minume; sed erat hic Corinthia anus haud impura; ei dedi
exponendam. Ch. O Juppiter, tantum esse in animo inscitiam.

En ook 4, 1, 34.

Ch. Scilicet equidem istuc factum ignoscam; verum, Sostrata,
male docet te mea facilitas multa. sed istuc quidquid est
qua hoc acceptumst causa loquere. So. Ut stultae et misere
omnes sumus.
religiosae, quom exponendam do illi, de digito anulum
detraho et eum dico ut una cum puella exponeret:
si moreretur, ne expers partis esset de nostris bonis.
Ch. Istuc recte; conservasti te atque illam.

132) Leffingwell, Soc. & priv. Life etc. p. 57: The numerous references to exposures in the plays of this period (Terence and Plautus) however are due rather to the conventional type of plot, which so often hinged on the loss of a child and the subsequent recognition, than on a widespread practice.

deur iemand gevind en opgevoed; maar of dit steeds ook die geval was in die werklikheid val te betwyfel.

133) Wat Posidippus van sy tyd gesê het was ook waar in Rome in die tyd van haar wereldmag en hoogste bloei: elk een al is hy arm voed tog nog 'n seun op; maar niemand selfs al is hy ryk denk om 'n dogter groot te bring nie. 134) Hierdie weggooi van kinders werd beoefen op reuse skaal en helemaal ongestraf, 135) want daar was geen wet daarteen nie: die meeste heidense skrywers maak melding daarvan met die grootste onverskilligheid: dit het hulle totaal koud gelaat; dit werd maar as 'n nietige oortreding beskou, indien wel 'n oortreding. Die volk had ook hierin soos in vele andere misdrywe die keisers en hulle satelliete tot voorbeeld. 136) Die keiser Claudius het nie geskroom om te vondeling te lê, naak en onversorg, so 'n klein dogtertje van nog geen vyf maande oud nie; en hy het maar gevolg die voorbeeld van sy meer beroemde voorganger 137) Augustus, wat dieselfde gedaan het met die kleintjie van sy nig Julia.

Die weggooi van kindertjies sou ook 'n bewys wees van droefheid; want ons lees dat al die kinders gebore op die

---

133) Stobaeus, Florileg. tom. 4, 77, p. 178: Quantum vis inopes, filios tollunt tamen; at filias exponunt etiam divites.

134) Gibbon, Decl. and Fall, 2, p. 28.

135) Lecky, Hist. of Europ. Morals, 2, p. 10 onseker of daar 'n wet was teen die weggooi van kinders; Gibbon, Decl. & Fall, 2. p. 28, meen indien daar 'n wet was dan werd dit nie toegepas nie; terwijl Noodt, Jul. Paulus, p. 350 sê: Ego non illud amittendum censeo, quod si inter parentes conveniret de abjiciendo exponendove partu, quia silebant senatus consulta, non videntur parentes ad eum tollendum alendumve superioribus senatus consultis jure cogi potuisse, terwijl Zumpt sê dat daar geen wet daarteen bestaan het nie. S. 68.

136) Suetonius, Divus Claudius: 27, p. 162: Claudiam ex liberto suo Botere conceptam, quamvis ante quintum mensem devortii natam alique coeptam exponi tamen ad matris januam et nudam jussit abjeci.

137) Suetonius, Divus Augustus, 65, p. 66: Julias filiam et neptem omnibus probris contaminatas relegavit. C. et L. in duo viginti mensum spatio amisit ambos; ...Ex nepte Julia post damnationem editum infantem agnosci aliqui vetuit.

sterfdag van [138]) Germanicus, 19 na Kristus, deur hulle ouers weggooi werd as synde 'n ongeluksdag; hoewel die daad van die ouers seker meer smart vir die kleintjies veroorsaak het dan die dood van die prins vir die ouers.

Die lot van sulke weggegooide kinders was allertreurigs in alle opsigte. Hulle het omgekom of deur uitputting of koue; of hulle het 'n hongerdood gesterf; [139]) of erger nog, hulle is verskeur deur voëls en honde en ander diere; of hulle het in die hande geval van mense wreder nog dan diere. Die lyde van eersgenoemdes was pynlik maar kort; die van die laaste wat in die hande van mense geval het was langer en pynliker. Gewoonlik is hulle bemagtig geword deur spekulante wat op die uitkyk was vir sulke verworpe kleintjies. Hierdie het hulle dan grootgebring en tot allerlei verkeerde gebruike gestel. [140]) Was dit jongetjies, dan werd hulle teen wil en dank opgelei tot swaardvegters of slawe gemaak of in huise van ontug gestel; die meisies werd byna uitsluitend vir laasgenoemde doel grootgemaak. Daar het uit die weggegooide kinders 'n vaste handel in kinders ontstaan; dit was die gebruik in Rome dat moeders alle ongewenste suigelinge naar [141]) die Velatrum, die Columna Lactaria e.a. bring, waar hulle dan deur die spekulante opgeneem werd vir hulle eie vuile wins.

[142]) Plinius meld dat Augustus en latere keisers sekere

---

138) Suetonius, Caligula, 5, p. 120: Quo (Germanicus) defunctus est die, lapidata sunt templa, subversae deum arae, lares a quibusdam familiares in publicum abjecti, partus conjugum expositi.

139) Quintilianus, Declamatio 306, p. 598: Rarum igitur est ut expositi vivant. Caducum circa initia animal, homines sumus. Vos ponite ante oculos puerum statim neglectum, qui mori domi expediret, inde nudum corpus, sub coelo, inter feras et volucres.

140) Gibbon, Decl. and Fall, 2. p. 28.

141) Kraus, Real Encyclop. 1, S. 508, A. sub voce Findelkinder.

142) Plinius, 10, 65, p. 221 epistel aan Trajanus klaag by Trajanus oor die uitgebreidheid van die weggooi van kinders in Bithynie en sê dat hy geen bevel hieromtrent vind in die reglemente van vorige keisers: Magna, Domine, et ad totam provinciam pertinens quaestio est de

maatreels geneem het teen die weggooi van kinders [143]) maar wat die maatreels was weet ons nie. Hyself was egter bekommer oor die grote skaal waarop hierdie misdaad gedryf werd in Bithynië waar hy goewerneur was, en hy het van die keiser Trajanus raad gevra hoe om hierteen in te gaan.

[144]) Die keiser het toen aan die hand gegee dat buitenegtelike maar vrygebore kindertjies wat weggegooi is en deur 'n ander opgeneem en grootgebring is nie hierdeur hulle vryheid mag verloor nie; dat dit selfs nie nodig is hulle vryheid terug te koop deur die begane koste vir hulle onderhoud te vergoed nie. Van die kinders van slawe word nie gemeld nie; hulle bly slawe.

Die misdryf wat Plinius besorg gemaak het in Bithynië het ook ongehinder gebloei en gegroei in Rome. [145]) Daar was

---

conditione et alimentis eorum, quos vocant threptous in qua ego, auditis constitutionibus principum, quia nihil inveniebam aut proprium, aut universale, quod ad Bithynos ferretur, consulendum te existimavi quod observari velles. Neque enim putavi, posse me in eo quod auctoritatem tuam posceret, exemplis esse contentum, recitabatur autem apud me edictum, quod dicebatur divi Augusti, ad Annium pertinens; recitatae et epistolae divi Vespasiani ad Lacedaemonios; et divi Titi ad eosdem, dein ad Achaeos; et Domitiani ad Avidium Nigrinum et Arminium Brocchum, proconsules; item ad Lacedaemonios; quae ideo tibi non nisi, quia et parum emendata, et quaedam non certae fidei videbantur, et quia vera et emendata in scriniis tuis esse credebam.

143) Terme et Montfalcon, Hist. des Enf. Trouves, p. 61.

144) Trajanus Plinio, 10, 66: Quaestio ista, quae pertinet ad eos qui liberi nati expositi, deinde sublati a quibusdam, et in servitute educati sunt, saepe tractata est; nec quisquam invenitur in commentariis eorum principum, qui ante me fuerunt quod ad omnes provincias sit constitutum, epistolae sane sunt Domitiani ad Avidium Nigrinum et Armenium Brocchum, quae fortasse debeant observari; sed inter eas provincias de quibus rescripsit, non est Bithynia; et ideo nec assertionem denegandam eis, qui ex eiusmodi caussa in libertatem vindicabuntur, puto neque ipsam libertatem redimendam pretio alimentorum.

145) Noodt, Jul. Paul. p. 351: Ego non illud amittendum censeo, quod si inter parentes convenerit de abjiciendo exponendove partu, quia silebant senatus consulta, non videntur parentes ad eum tollendum alendumve senatus consultis jure cogi potuisse.

geen wette om die vader en moeder te dwing so 'n verworpeling terug te neem en op te voed nie. Dit word ook bewys deur die geval wat [146] Scaevola opnoem: 'n man verstoot sy eerste vrou en neem 'n ander; die eerste vrou kry 'n kindjie, maar uit nyd teen die vader gooi sy die kleintjie weg. [147] Dit neem hierdie regsgeleerde as 'n gewoon geval; hy sê niks van straf op so 'n handelwyse nie, of dat dit 'n misdaad is nie, en [148] Paulus se uitspraak „necare videtur" moet nie geneem word dat die wet die weggooi van 'n kindjie gelykop straf met kindermoord nie, want Paulus [149] onderwerp oortreders aan geen straf, ook nie aan die lex Pomp. de parric. nog aan die lex Cornel. de sicarr. [150] Hy kan dit ook nie, want die wet het sulke misdadigers nog onder parricidii nog onder homicidii gereken. Integendeel, die wet het selfs nog die moord

---

146) Digest, 29, de manumisso testamento, p. 618, Scaevola: Uxorem praegnatem repudiaverat et aliam duxerat; prior enixa filium exposuit; hic sublatus ab alio educatus est nomine patris vocitatus usque; ad vitae tempus patris tam ab eo quam a matre, an vivorum numero esset, ignorabatur; mortuo patre testamentoque eius, quo filius neque heredidatus neque heres institutus sit, recitato filius et a matre et ab avia paterna adgnitus hereditatem patris ab intestato quasi legitimus possidet. Quaesitum est, hi qui testamento libertatem acceperunt utrum liberi an servi sint? Respondit filium quidem nihil praejudicii passum fuisse, si pater eum ignoravit, et ideo, cum in potestate et ignorantis patris esset, testamentum non valere.

147) Noodt, Jul. Paul. p. 352: Nulla criminis materni mentio, nulla accusationis, nulla poenae. Cur ita? Nimirum, quia adhuc licita atque impunita parenti eo tempore erat expositio.

En p. 351 slot: Veel ander aanhalinge kan gegee word uti possem ad demonstrandum, post senatus consulta de quibus dixi, adhuc impunitam atque adeo licitam fuisse infantum et necem et expositionem.

148) Digest. 25, 3, lex 4, p. 330. Paulus: Necare videtur non tantum is qui partum perfocat, sed is qui abjecit et qui alimonia denegat, et is qui publicis locis miseracordia causa exponit, quam ipse non habet.

149) Noodt, Jul. Paul.. p. 356.

150) Noodt, Jul. Paul. p. 361; Regulis juris licitam parentibus esse liberorum expositionem, nam et abjicere et perfocare eos, parentibus licere; hoc tamen nolle parentes nisi nimin impios; scilicet, ne vitam tollant infelici partui.

van pasgebore kinders toegelaat. [151]) Paulus het hier die oog gehad, nie op die juris regulae nie, maar op die juris praecepta, m.aw. hy het gemeen dat die weggooi van 'n kindjie moreel net so afkeurens waard en strafwaardig is as die moord van 'n kind, alleen die wet het nognie daartoe gekom om hierdie twee misdade ewe strafwaardig te reken nie.

Maar in die derde eeu is hierdie misdryf al deur vele afgekeur geword, soos ons soëwe gesien het in die persoon van Paulus.

Die eerste wetgewing in verband met die weggooi van kinders na die reskrip van Trajanus werd gegee deur die keiser Alexander 224 [152]) waarin gesê word dat indien die kind van 'n slawin weggegooi word deur sy moeder, en deur iemand anders opgeneem en opgevoed word, die vader van hierdie kind nie verhinder mag word sy kind terug te eis, op voorwaarde dat hy op billike wys vergoed die koste deur die pleegouers vir sy kind gedaan.

[153]) Ook Diokletianus en Maximinianus het die misbruik erken as wettig en het teen die weggooi van kinders as sulks nie ingegaan nie. Ook hulle het die reg van die vader op 'n vondeling deur 'n ander opgevoed erken op voorwaarde van billike vergoeding. Verdere wetgewing is daar nie tot die tyd van Constantyn.

Die kerkvaders het die weggooi van kindertjies as 'n grote gruwel beskou en het dan ook nie passief daarteenoor ge-

---

151) Noodt, Jul. Paul. p. 361.

152) Justin. Cod. 8, 51, p. 361: De infantibus expositis, Imp. Alexander Claudio: Si invito vel ignorante te partus ancillae vel adscriptitiae tuae expositus est, repetere eum non prohiberis. Sed restitutio eius si non a fure vindicaveris, ita fiet ut, si qua in alendo eo vel forte ad discendum artificium juste consumpta fuerint, restitueris. 224.

153) Justin. Cod. 5, 4, 16, p. 196, Diocletianus et Maximinianus Rhodoni: Patrem qui filiam exposuit, at nunc adultam sumptibus et labore tuo factam matrimonio conjungi filio desiderantis favere voto convenit. Qui si renitatur, alimentorum solutioni in hoc solummodo casu parere debet.

staan nie. 153a) Wat vir mense is dit wat hulle eie vlees en bloed, onnosele sieltjies, so koelbloedig vir honde, wilde diere en voëls kan voorwerp om deur hulle verskeur te word? 154) Mense wat te lui, te gemaksugtig en te weelderig is om eie kinders groot te bring, hoewel hulle volop tyd en geld het om te bestee aan skoothondjies en bontgekleurde papegaaie en manke grappemakers. 155) Sulke mense het geen reg om te trou en kinders ter wereld te bring nie; hulle is slegter selfs dan diere, daar die tog sorg vir hulle jong totdat hulle groot genoeg is om op eie bene te staan; en 'n kind is tog hoër, beter

---

153a) Minuc. Felix, Octavius, 31, p. 55: Illum jam convenire velim, qui initiari nos dicit aut credit de caede infantis et sanguine. Putas posse fieri ut tam molle tam parvulum corpus fata volucrum capiat? ut quisquam illum rudem sanguinem novelli et vixdum hominis caedat, fundat, exhauriat? Nemo hoc potest credere nisi qui possit audire. Vos enim video procreatos filios nunc feris et avibus exponere, nunc adstrangulatos misero mortis genere elidere.

154) Clemens Alex. Paidagog. lib. 3, 4, tom. 1, p. 270: Stahlin. tom. 1, p. 253: Istae vero effoeminatorum virorum delectantur congressibus; intro autem confluunt cinaedorum turbae lingua effraenatae, corpore pariter atque oratione impurae ad ministeria impudica viriles, adulterio deservientes impudice ridentes.... et rident quidem Thersiten audiunt; ipsae vero Thersitas maximi precii ementes, non de conjugibus, sed de illis se jactant; et modestam quidem viduam, Melitaeo catello longe praestantiorem, despiciunt.... Puerum autem orphanum non admittunt, quae psittacos et charadrios enutriunt; sed filios quidem domi natos exponunt, gallinarum autem pullos excipiunt, et quae sunt expertia rationis iis, quae ratione sunt praedita, praeferunt.

155) Clemens Alex, Stromat. lib. 2, 18, p. 477, Stah: tom 2, p. 163: Erubescant ergo Graeci et si quis est alius Legem (van Moses) insectari; cum ea quidem vel in bestias benigna sit, illi autem etiam hominum foetus exponunt quanquam longe ante et prophetice eorum feritatem Lex per hoc praeceptum excinderet. Si enim foetus bestiarum a matre separari prohibet ante lactis effusionem, multo magis in hominibus crudeli et immani menti praeparat remidium, ut etsi naturam, disciplinam certe non negligant. Hoedis enim et agnis eis impleri permissum est, et aliqua quidem fortasse excusatio ei, qui foetum a matre separat: infantis autem expositionis quaenam causa fuerit? Ab initio enim oportebat non uxorem ducere ei, qui non cupiebat procreare liberos, potius quam per voluptatis intemperantiam filii fieri homicidam.

dan die jong van 'n bok of skaap; [156] want van hulle word gesê dat hulle engele steeds voor die aangesig van God staan om hulle te versorg. [157] Maar in hulle lafheid en luiheid laat die heidene hulle kleintjies op straat, langs die weg, op die plein, in die bos in die hoop dat miskien die een of ander barmhartige voorbyganger hom oor so 'n ongelukkige sal ontferm en hom naar huis neem.

En hierdie ywerige pleitbesorgers het ook steeds gewys op die skade en skande wat veroorsaak word aan die kleine verworpelinge en die skande wat die hardvogtige ouers en die volk as geheel hierdeur aankleef.

[158] Die heidene meen dat dit nogal prysenswaardig van hulle is en 'n teken van godsvrug as hulle in stede van die kinderjties maar direk te vermoor hulle weggooi; [159] 'n falsa pietas verhinder hulle skielik om hulle hande met bloed van die kleintjies te besmet, [159] maar die kinders so weggooi is 'n allergrootste gruwel 'n maxima impietas in die oog van God en kan Hom geensins behaag.

[160] Want wat is die lot van die ongelukkiges? Hulle sterf

---

156) Clemens Alex. Stromat. lib. 5, 14, tom. 2, 701, Stah. tom. 2, p. 386: Idem quos ex Scriptura habemus parvulorum ac minimorum angelos qui Deum ipsum videant et diligentem illam vigilemque curam, quae a praesidibus ac tutelaribus angelis in nos derivatur.

157) Tertullianus, Apolog. 9, tom. 1, p. 151: In primis filios exponitis suscipiendos ab aliqua praetereunte misercordia extranea vel adoptandos melioribus parentibus emancipatis.

158) Lactantius, Divin. Institut. lib. 5, 9, tom. 1, p. 427: Non enim de nostro sed ex illorum numero semper existunt qui.... uxores necent, ut dotes earum lucrentur, aut maritos ut adulteris nubant, qui natos ex se pueros aut strangulant aut si nimium pii fuerint, exponant, qui libidines incestas nec a filia nec sorore nec matre nec sacerdote contineant.

159) Lactantius, Divina institut. lib. 6, 20, tom. 1, p. 558: Ergo ne illud quidem concedi aliquis existimet, ut recentes natos liceat oblidere, quae vel maxima impietas est. Ad vitam enim Deus inspirat animas, non ad mortem. Verum homines, ne quod sit facinus quo manus suas non polluant, rudibus adhuc et simplicibus animis abnegant lucem non a se datam.

160) Tertullian, Apolog. 9, tom. 1, p. 143: Siquidem et de genere

deur kou of deur honger of word deur honde en wilde diere en voëls verskeur, 'n wredere dood dan om maar direk van kant gemaak te word deur middel van mes of water. En so hulle hierdie wrede dood ontkom, dan word hulle gespaar vir 'n wredere lewe met onnoemelike gruwelhede. 161) Hulle word verkoop of verhuur aan huise van ontug, wat heel waarskynlik deur die vaders, broers en ander naverwante van die ongelukkige meisies besoek word. Oor die skande en die gemeenheid hiervan moet ons liewer swyg.

---

necis differt, utique crudelius in aqua spiritum extorquetis aut frigori aut fami, et canibus exponitis: ferro enim mori aetas quojue major optaverit.

